HOOFSTUK AGTIEN.

## WOORDVORMING.

Soos ons aan die begin van die vorige hoofstuk gesien het, is die woordeskat van 'n taal gedurig aan die verander deurdat nuwe woorde gevorm word wat voorheen nie bestaan het nie, deurdat bestaande woorde met verloop van tyd in onbruik raak, ens.

Gewoonlik word nuwe woorde gevorm :—

(1) Deur gebruik te maak van reeds bestaande woorde (vgl. samestellinge soos **stadsaal** = stad + saal, of afleidinge soos **stedelik** = stad + lik).

(2) Deur die skep van splinternuwe woorde wat voorheen nie in die taal bestaan het nie. Vir die grootste deel is hulle **klanknabootsinge** (onomatopeë) soos Janpiedewiet, ting-tinkie, ens., en af en toe nuwe skeppinge van litteraire kunstenaars.

(Alleen (1) word in hierdie hoofstuk behandel).

Die Afrikaanse woordeskat kan uitgebrei word deur twee (of meer) reeds bestaande woorde aanmekaar te heg om sodoende 'n nuwe woord vir 'n nuwe begrip te kry. Dan kry ons wat ons noem **samegestelde woorde,** wat altyd **aanmekaar geskryf** word, met of sonder koppelteken, b.v.

Onderwysdepartement
stadsaal see-eend
roemryke wêreldberoemde
goed-gekwalifiseerde
oppas skoolgaan asemhaal
wildeblomme-tentoonstelling.

(Vir die gebruik van die koppelteken, sien Hoofstuk 1, par. 7.)

Behalwe samestellinge kry ons ook **afleidinge,** waar ons van reeds bestaande woorde nuwes vorm deur gebruik te maak van **voor-** of **agtervoegsels** of albei :—

**on**mens (on- + mens)
mens**lik** (mens + -lik)
**on**mens**lik** (on + mens + -lik).

Partykeer kry ons in één woord **samestelling sowel as afleiding** :—

hardnekkig (hard + nek + -ig) ;

sodat ons, om nuwe woorde te vorm, van die volgende drie metodes kan gebruik maak :—

A. **Samestelling** : menselewe.
B. **Afleiding** : menslik.
C. **Samestellende afleiding** (A + B) : bowemenslik.

**Opm.**—Baie van die voor- en agtervoegsels was oorspronklik woorde met 'n eie betekenis en gebruik, maar met verloop van tyd het hulle hulle selfstandigheid verloor om alleen te fungeer as onskeidbare dele van ander woorde. Hoe maklik dit is vir gewone woorde om voorvoegsels te word blyk uit gevalle soos **dood**bedaard, **dood**moeg, **dood**eenvoudig, **dood**gewoon, **dood**onskuldig, ens., waar **dood-** feitlik 'n voorv. is met betekenis **baie**—sy oorspronklike betekenis voel ons hier nie meer nie.

Dit is ook die geval met **stok-** (baie) in b.v. **stok**oud, **stok**doof, **stok**blind, **stok**moeg, **stok**alleen ; en met **brand-** (baie) in b.v. **brand**maer, **brand**arm ; ens.

Ander voor- en agtervoegsels weer het in die loop van tyd feitlik onherkenbaar geword, veral waar die oorspronklike woord verlore gegaan het ; dink aan : vy**and** (ou ww. vyen = haat).

## A. SAMESTELLING.

Ons kry samegest. snw., ww., bnw., byw., voors., ens.

### 1. Samegestelde snw.

Samegest. snw. kan as volg samegestel wees :—

(a) **snw.** + **snw.** : skoolbank, inkpot.
(b) **ww.** + **snw.** : voegwoord, leerskool.
(c) **bnw.** + **snw.** : suurlemoen, taaipit.
(d) **telw.** + **snw.** : drie-uur, driekwart.
(e) **byw.** (voors.) + **snw.** : heenreis, terugreis, voorvader, agteros.

In die voorbeelde hierbo let ons op dat die **twede deel** van die samestelling in elke geval 'n **snw.** is, en dat ons eenvoudig die twee woorde aanmekaar skryf, sonder meer. Ons kry egter ook samestellinge wat deur **verbindingsklanke** teweeggebring word, d.w.s. deur klanke wat dien om die twee woorde as één te verbind, soos in :—

| | |
|---|---|
| verbinding**s**klank | land**s**taal |
| universiteit**s**kollege | volk**s**lied |
| boer**e**plaas | volk**e**bond |
| lewe**ns**taak | volk**ere**bond |
| kind**er**skool | kalw**er**hok. |

**-S-** en **-E-** (veral -s-) word baie gebruik.

Ons kan in hierdie verband geen vaste reëls neerlê om te bepaal watter verbindingsklanke gebruik moet word en wanneer nie ; alleen deur die praktyk (baie lees, aandagtig luister, ens.) kan ons leer wat om te gebruik en wanneer.

**Opm. 1.**—Let op dat ons 'n **ss** in die samestelling kry as die eerste woord op **s** eindig en die twede met **s** begin : gra**ss**aad, rot**ss**pelonk, ja**ss**ak, ens.

**Opm. 2.**—As **lewe** en **gees** die eerste woord in die samestelling is, word hulle altyd **lewens-** en **geestes-** :—

lewe + taak = lewenstaak
lewe + skets = lewensskets
gees + toestand = geestestoestand
gees + skepping = geestesskepping.

## 2. Samegestelde ww.

Ons het samegest. ww. in die vorige hoofstuk behandel.

## 3. Samegestelde bnw.

Samegest. bnw. kan as volg. samegestel wees :—

(a) **bnw.** + **bnw.** : donkergroen, doofstom.
(b) **snw.** + **bnw.** : spierwit, wonderskoon.
(c) **byw.** (voors.) + **bnw.** : oorgroot.

Verder kan ons samestellinge kry van **byvoeglik-gebruikte deelwoorde** :—

(d) **bnw.** + **onvolt. deelw.** : hoogstaande.
(e) **bnw.** + **volt. deelw.** : goed-gekwalifiseerde.
(f) **snw.** + **onvolt. deelw.** : hartbrekend(e).
(g) **snw.** + **volt. deelw.** : bosbegroeide.

Veral (b), d.w.s. snw. + bnw., is 'n vrugbare middel om samegest. bnw. te vorm. Sulke bnw. dui 'n hoë graad aan en het gewoonlik geen trappe van vergelyking nie. Aan die einde van Hoofstuk 7 word 'n lang lysie van sulke bnw. gegee.

**Opm.**—Af en toe kry ons drieledige samestellinge soos: spiksplinternuut, pikgitswart, papsopnat.

### 4. **Samegestelde byw.**

(a) **Byw.** + **byw.**: kortaf, hierheen, daaruit.
(b) **Voors.** (byw.) + **snw.**: agtermiddag, vanmore, bykans, meteen.
(c) **Verdubbelinge.**—'n Baie algemene en tiepies Afrikaanse manier om samegest. byw. van hoedanigheid te vorm, is verdubbeling, d.w.s. die herhaling van dieselfde woord. Ons kry verdubbelinge wat bestaan uit:—
    (i) **byw.** + **byw.**: kort-kort, gou-gou.
    (ii) **ww.** + **ww.**: eet-eet, rus-rus.
  Veral laasgenoemde word dikwels aangetref. Meestal word eenlettergrepige werkwoordstamme gebruik (speel-speel, sing-sing, ens.), hoewel meerlettergrepige ww. ook in verdubbelinge optree (gesels-gesels, spartel-spartel).
(d) **Ou verboë vorme** soos: spelenderwys, begryplikerwys; duidelikheidshalwe, welvoeglikheidshalwe; metterwoon, indertyd, langsamerhand, ens.

**Opm.**—Samegestelde byw. met **toe** (skool-toe, hiernatoe, ens.) word onder afleiding behandel daar ons **toe** in sulke gevalle duidelik as agtervoegsel voel.

## B. **AFLEIDING.**

Afleiding kan geskied deur (a) **voorvoegsels** (**be**ry, **ver**buig), (b) **agtervoegsels** (ry**baar,** buig**saam),** of (c) **klankwisseling** (rit, boog).

### 1. AFGELEIDE SNW.

#### (a) **Voorvoegsels.**

**aarts-** (eerste, vernaamste): **aarts**vyand, **aarts**engel.
**af-** (beteken gewoonlik **weg** of **nie)**: **af**guns, **af**grond.
**ant-** (teen): **ant**woord.
**ge-** het baie betekenisse, o.a.
  (a) Versameling: **ge**boomte, **ge**bergte, **ge**sin.

(b) Om 'n handeling uit te druk (met werkwoordstamme) : 'n **ge**skree, 'n **ge**bler.

**oer-** (oorspronklike) : **oer**mens, **oer**woud, **oer**taal.
**on-** (nie, sleg) : **on**sin, **on**mens, **on**geluk.
**oor-** (dui oorsprong aan) : **oor**saak, **oor**sprong.
**wan-** (nie, sleg) : **wan**troue, **wan**orde, **wan**klank.

## (b) Agtervoegsels.

Hier kan ons die volgende indeling maak :—

(i) **Konkrete snw.** kan gevorm word deur :

**-aan** (persoonsname) : Itali**aan,** Mohammed**aan**.
**-aar** (-naar, -enaar) :
  (a) persoonsname : wew**enaar,** leuen**aar.**
  (b) saakname : less**enaar.**
**-aard** (persone) : lui**aard,** grys**aard.**
**-and** (persone) : vy**and,** Heil**and.**
**-asie** (dinge) : mur**asie.**
**-e** (persone, vroulik) : eggenot**e,** president**e.**
**-er** (a) persone : Transval**er,** bedrie**ër.**
  (b) dinge : giet**er,** stamp**er.**
**-erd** (persone) : stout**erd,** lelik**erd.**
**-es** (persone, vroulik) : dienar**es,** prins**es.**
**-ier** (-nier, -enier) :—
  (a) persone : tuin**ier,** vlie**ënier.**
  (b) dinge : skar**nier.**
**-iet** (persone) : Paarl**iet,** Israel**iet.**
**-ik** (-rik, -erik) : persone : stomm**erik.**
**-in** (vroulike persone) : boer**in,** held**in.**
**-is** (-nis) : (a) persone : nasional**is,** pur**is.**
  (b) dinge : vuil**is.**
**-(e)ling** (persone) : kleur**ling,** nuw**eling.**
**-sel** (dinge) : maak**sel,** weef**sel.**
**-ster** (vroulike persone) : bak**ster,** werk**ster.**

(ii) **Afgetrokke snw.** kan gevorm word deur :—

**-de** : lief**de,** vre**de.**
**-dom** : mens**dom,** ryk**dom,** ouder**dom.**
**-e** : kou**e,** hitt**e,** wantrou**e.**
**-heid** (igheid) : skoon**heid,** nuw**igheid.**
**-ing** : lyd**ing,** les**ing.**

**-isme** : spirit**isme,** spiritual**isme.**
**-ment** : dreie**ment,** amende**ment.**
**-nis** : hinder**nis,** duister**nis.**
**-s** : kom**s,** win**s.**
**-skap** : dronken**skap,** genoot**skap.**
**-te** : diep**te,** hoog**te,** leng**te,** breed**te.**
**-teit** : kwali**teit,** kwanti**teit.**
**-y** (-ery, -erny) : brek**ery,** bedrie**ëry.**

(iii) **Verkleinwoorde** kan gevorm word deur :—

**-ie** : hoek**ie,** bank**ie,** rakk**ie.**
**-jie** : hoed**jie,** kant**jie.**
**-tjie** : stoel**tjie,** koei**tjie.**
**-etjie** : blomm**etjie,** karr**etjie,** ring**etjie.**
**-entjie** : wa**entjie,** nooi**entjie.**
**-pie** : boom**pie,** geheim**pie.**
**-kie** : konin**kie,** wonin**kie.**

### (c) Klankwisseling.

Veral van ww. word snw. dikwels afgelei deur klankwisseling, d.w.s. deur die interne klinker te verander. Dikwels kry ons meer as één snw. van dieselfde ww. afgelei, soos blyk uit onderstaande.

| **Ww.** | **Snw. hiervan afgelei.** | | | |
|---|---|---|---|---|
| bedrieg | bedrog | | | |
| bid | bede | gebed | bedelaar | |
| bied | bode | gebod | boodskap | |
| bind | band | (ver)bond | bende | bundel |
| breek | brok | breuk | | |
| buig | boog | bog | beuel | |
| byt | beitel | gebit | | |
| drink | drank | dronk | | |
| gaan | gang | | | |
| gee | gif | gawe | | |
| geniet | genot | | | |
| graaf | graf | grag. | groef | |
| gryp | greep | begrip | | |
| help | hulp | | | |
| kies | keus(e) | keur | | |
| ly | leed | | | |

| **Ww.** | **Snw. hiervan afgelei.** | | | |
|---|---|---|---|---|
| maal | meel | | | |
| meet | maat | | | |
| ruik | reuk | | | |
| ry | rit | | | |
| sit | setel | saal | | |
| skiet | skot | skoot | skutter | |
| sluit | slot | sloot | sleutel | |
| sny | snit | snede | | |
| spreek | spraak | spreuk | sprokie | gesprek |
| spring | sprong | sprank | | |
| steek | stok | | | |
| styg | stiebeuel | | | |
| vind | vonds | | | |
| vlieg | vlug | | | |
| wreek | wraak | wrok | | |

## 2. AFGELEIDE WW.

Ons het afgeleide ww. in die vorige hoofstuk behandel.

## 3. AFGELEIDE BNW.

### (a) **Voorvoegsels.**

**aarts-** (baie) : **aarts**dom, **aarts**lui.
**be-** (voorsien van) : **be**roemd, **be**vlek.
**ge-** : **ge**kleed, **ge**trou, **ge**sond.
**on-** (nie) : **on**waar, **on**moontlik.
**oer-** (baie) : **oer**oud.

### (b) **Agtervoegsels.**

**-agtig** (-eragtig, -haftig) : reën**agtig,** kind**eragtig,** man**haftig.**
**-baar** : eet**baar**, onverstaan**baar.**
**-e** : gou**e,** sy**e.**
**-end** : stukk**end,** nak**end.**
**-ies** : wett**ies,** mod**ies.**
**-ig** (-(e)rig, -tig) : moed**ig,** reg**tig,** wind**erig,** siek**erig.**
**-(e)lik** : eer**lik,** kinder**lik,** afskuw**elik.**
**-loos** (sonder) : hope**loos,** gevoel**loos.**
**-s** : Transvaal**s,** kind**s,** Natal**s.**
**-saam** : waag**saam,** seld**saam.**

**Opm.**—Die oorspronklike betekenis van **-baar** (draende, wat dra) vind ons nog terug in woorde soos: vrug**baar** (wat vrug(te) dra.)

4. AFGELEIDE BYW.

**Agtervoegsels.**

**-ies** (-tjies): strakk**ies,** effen**tjies.**
**-lik**: naam**lik**, einde**lik.**
**-liks**: groot**liks,** kort**liks.**
**-ling(s)**: plotse**ling,** syde**lings.**
**-s**: dikwel**s,** snag**s,** soggend**s.**
**-toe**: huis-**toe**, Kaap-**toe**.
**-waarts**: huis**waarts,** noord**waarts.**

**Opm. 1.**—**Toe** word altyd met 'n koppelteken verbind behalwe in: boontoe, binnetoe, ens. Sien Hoofstuk 9, par. 1, opm. 2, 3.

**Opm. 2.**—Enkele vreemde voorvoegsels soos **hiper-, ultra-** word in die taal van akademies geskoolde mense gehoor:—

**hiper**modern, **hiper**krities.
**ultra**modern, **ultra**konservatief.

Hulle druk 'n baie hoë graad uit.

**Opm. 3.**—Die voorv. **s-** om afgeleide byw. van tyd te vorm tref ons aan in woorde soos: **s**nags, **s**oggends, **s**aans, **s**middags.

## C. **SAMESTELLENDE AFLEIDING.**

By party woorde kry ons sowel samestelling as afleiding:—

houthandelaar (hout + handel + -aar),
hardnekkig (hard + nek + -ig),
kleinserig (klein + seer + -ig),
swartgallig (swart + gal + -ig),
taalbeweging (taal + be- + weeg + -ing).

### **Oefening 18a.**

Tien woorde (uit hierdie hoofstuk) om sinne mee te maak:—
klanknabootsing, skeppinge, onskeidbare, onherkenbaar, feitlik, oorspronklik, drieledige, spelenderwys, welvoeglikheidshalwe, handeling.

## Oefening 18b.

Vorm samegest. woorde van die volgende (b.v. ink + pot = inkpot) :—

staat + man ; hoof + onderwyser ; lewe + filosofie ; lewe + skets ; hoog + moed ; hoog + veld ; laag + water ; laag + veld ; asem + haal ; plat + land ; land + belange ; volk + lied ; volk + bond ; debat + vereniging ; kalf + hok ; kalf + vleis ; kind + storie.; rund + pes ; gees + verband ; gees + skepping ; lam + vanger ; mens + vleis ; mens + lewe ; winter + voete ; winter + nag ; see + man ; see + eend ; twee + keer ; twee + uur ; eet + eet ; ses + en + twintig ; wa + as ; wa + huis ; rib + been ; hoed + kas ; oor + weeg ; universiteit + kursus ; lewe + taak ; god + diens ; jakhals + streke.

## Oefening 18c.

Vorm van onderstaande woorde—

(1) Twee samegestelde woorde ;
(2) Twee woorde afgelei deur voorvoegsels ;
(3) Twee woorde afgelei deur agtervoegsels ;
(4) Twee woorde afgelei deur klankwisseling :—

**bind, spreek, breek, drink, bied, spring.**

## Oefening 18d.

Gee die voor- en agtervoegsels, met hulle betekenisse of funksie, in die volg. woorde (b.v. liefde, **-de** : vorm abstrakte snw. ; ontrou, **on-** : beteken ,,nie'', vorm afgeleide bnw.) :—

Berin, ontsnap, wandaad, herhaal, kruidenier, oorsaak, onwaar, barones, wanhopig, fatalis, gebergte, oompie, vrede, nuweling, vertaal, smorens, krygshaftig, verkiesbaar, meesterlik, wêrelds.

## Oefening 18e.

Voltooi met 'n afgeleide snw. wat pas (b.v. Iemand wat **leer** is 'n **leerling**) :—

1. Iemand wat studeer is 'n—.
2. Iemand wat lieg is 'n —.
3. Iemand wat fabriseer is 'n —.
4. Iemand wat bedrieg is 'n —.
5. Iemand wat moor is 'n —.
6. Iemand wat dirigeer is 'n —.

7. Iemand wat beoordeel is 'n —.
8. Iemand wat kritiseer is 'n —.
9. Iemand wat aan politiek deelneem, is 'n —.
10. Iemand wat vlieg, is 'n —.
11. Iemand wat nuut is, is 'n —.
12. Iets wat nuut is, is 'n —.

## Oefening 18f.

(1) Vorm deur middel van agtervoegsels bnw. van (b.v. kind—kinderlik) : regter, masjien, koning, erwe, patriot, optimis, stad, sarkasme, meester (2), professor, periode, intellek, Europa, parlement.

(2) Vorm deur middel van agtervoegsels snw. van (b.v. mooi—mooiheid) : beskeie, vertrou, beslis, nasionaal, oud, lank, vang, vergewe, gebeur, ly, heilig, dreig, hinder, nuut, stout.

## Oefening 18g.

Vorm, deur middel van afleiding, persoonsname en saakname van o.s. ww. (b.v. help—helper—hulp) :—

| | | | |
|---|---|---|---|
| regeer | dien | kies | begryp |
| adverteer | vlieg | gee | bedrieg |
| cedeer | win | meet | spring |
| fungeer | skiet | bid | drink |
| endosseer | spreek | bied | sny |
| kontroleer | wreek | ly | lees |
| fabriseer | maak | bak | stoor |

## VYFTIEN VRAE (op Hoofstuk 18).

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik.)

1. Waarom verander die woordeskat van 'n taal gedurig ?
2. Watter drie middele kan aangewend word om van reeds bestaande woorde nuwes te vorm ?
3. Wat is die onderskeid tussen :—
   (1) Samestelling en afleiding ?
   (2) Voorvoegsels en agtervoegsels ?
4. Ons sê dat **dood, stok,** en **brand** dikwels 'n suiwer voorvoegsel-funksie verrig. Wanneer ? Waarom ?

5. Gee **vyf** verskillende maniere om samegestelde snw. in Afrikaans te vorm, en toon aan watter rol verbindingsklanke hier speel.
6. Gee **sewe** verskillende maniere om samegestelde bnw. te vorm.
7. Hoe word samegestelde byw. gevorm ?
8. Wat is verdubbelinge, uit watter rededele kan hulle bestaan en as watter rededeel kom hulle voor ?
9. Op watter drie maniere kan afleiding geskied ?
10. Gee **vyf** voorvoegsels (met hulle betekenisse) wat dikwels afgeleide snw. vorm.
11. Gee **twintig** agtervoegsels (met hulle funksie) wat dikwels afgeleide snw. vorm.
12. Gee **tien** voorbeelde van afleiding deur klankwisseling.
13. Watter voorvoegsels (gee hulle betekenisse ook) en watter agtervoegsels word gebruik :—
    (i) om afgeleide bnw. te vorm ?
    (ii) om afgeleide byw. te vorm ?
14. Wat was die betekenis van **-baar** ? Hoe weet jy dit ?
15. Wat is samestellende afleiding ?

## **TOETS VIER.**

(Hoofstukke 1-18.)

### A. OEFENINGE.

1. Gebruik in goeie volsinne :—
te danke aan, te wyte aan ; te kenne gee ; te wagte ; gebroke, gebreekte ; deurgestoke, deurgesteekte ; teenwoordig, teenswoordig.

2. Gee in kolomme (a) die onvolt. deelw., (b) die volt. deelw., (c) die infinitief van (b.v. lopende, geloop, om te loop) :—

| | | |
|---|---|---|
| na-aap | raadpleeg | herberg |
| deurreis | handhaaf | herenig |
| onderhandel | teleurstel | mooipraat |
| mishaag | begin | voltooi |
| bedel | vertrou | is |
| bedeel | misskiet | het |
| sterf | uitoorlê | besig |
| verwelkom | verstaan | begaan |
| óndergaan | ónderhou | ónderwerp |
| ondergáan | onderhóu | onderwérp |

3. (a) Gee die **verkleinwoord** van : hoed, stokroos, besembos, besem, droom, drom, mandjie, woning, verloofring, nuusblad.
(b) Gee die **meervoud** van : giraf, graf, hof, hoof, Engelsman, staatsman, seeman, werksman, houtwig, aanbod.
(c) **Voltooi** (b.v. so sterk soos 'n leeu) :—
so soet soos —, so donker soos —, so slim soos —, so lelik soos —, so lig soos —, so maer as —, so bleek as —, hy rook soos —, hy werk soos —, hy slaap soos —.

4. Maak sinne om aan te toon dat die volt. deelw. van die volgende ww. **swak** en **sterk** kan gebruik word :—
aftrek, beweeg, buig, verkies, bespreek, doen, beskryf, sweer, vertrek, aanneem.

5. (a) Vorm **byw.** van (b.v. stil—stilletjies) :—
blind, groot, welvoeglikheid, trap, kalm, suid, sag, stuk, beurt.
(b) Vorm **bnw.** van (b.v. werk—werklik) :—
dag, majesteit, apostel, koning, musiek, drama, epos, held, hout, buig.
(c) Vorm **snw.** van (b.v. gaan—gang) :—
lang, breed, breek, beroemd, duister, nasionaal, spiritueel, wreek, ruik, bind.
(d) Vorm **ww.** van (b.v. man—beman) :—
oog, een, hoof, steen, lang, lig, hoog, land, dubbel, suinig.

6. Bring oor in die lydende vorm (b.v. Jan slaan die hond—Die hond word deur Jan geslaan) :—
(i) 'n Mens kan dit nie altyd reg kry nie.
(ii) Hulle het gespeel terwyl ons werk moes doen.
(iii) Hy kan dit doen.
(iv) Julle kan dit ook doen.
(v) Hulle sal dit nie kan doen nie.
(vi) Ons sou dit kon doen.
(vii) Sy sou dit kon gedoen het.
(viii) Vra jy my so 'n vraag!
(ix) Kap die hout sonder versuim.
(x) Nadat hy die brief geskryf het, het hy dit gepos.

7. (a) Vorm bnw. van die woorde tussen hakies :—

| | |
|---|---|
| (provinsie) regering | die (Persië) ryk |
| (wysgeer) beskouings | (konvensie) gedrag |
| 'n (sentiment) kêrel | 'n (nasie) lied |
| 'n (kritiek) tydperk | (dwing) onderwys |
| 'n (kritiek) beskouing | 'n (slyp) vent |
| 'n (argitek) oogpunt | 'n (slyp) mes. |

(b) Plaas die deelteken, koppelteken of kappie waar nodig:—
poesie, opgetoe, negeuur, geeerbiedig, ondeuend, wereldwye, kooperasie, bedleerig, ruens, varksoe, varkoe, naasoormore, eeueoue, oujongkerel, neevoud.

8. (a) Sê tot watter klas (denominatief, privatief, ornatief, kausatief, intensief, frekwentatief) die o.s. ww. behoort en waarom :—
stotter, wit, buk, dribbel, onthoof, skil, ploeg, beman, knip, top, snuffel, trommel, ontwapen, balsem, soog, hik, vel, vlug, kroon, bibber.

(b) Vorm :—

(i) Intensiewe van : steek, jaag, weeg.

(ii) Frekwentatiewe van : haak, skuif, kyf.

(iii) Kausatiewe van : vaar, ly, suig.

9. (a) Gee die krag en, waar moontlik, ook die betekenis van die voor- en agtervoegsels in :—

krummel, begrafnis, koue, vyand, stenig, ondier, dierasie, herteken, tekening, boekery, oorsprong, ondiep, geheimsinnigheid, liefde, wêrelds, direktriese, gebergte, soggends, Heiland, geraas.

(b) Gebruik in sinne as verskillende woordsoorte :—

**wat** (2), **in** (2), **deur** (3), **suiwer** (3).

10. Ontleed in sinne en gee die sinsverband aan :—

Hoewel Jan is wat hy voorgee om te wees, staan dit soos 'n paal bo water dat die eienskappe wat hy openbaar nie van so 'n aard is dat 'n mens hulle juis kan bewonder nie.

## B. GRAMMATIKA.

(N.B.—Gee voorbeelde orals waar moontlik.)

1. Wat is die onderskeid tussen skeidbare en onskeidbare ww. ?

2. Skryf aantekeninge oor :—

(a) Die uitspraak van **d** en **g** ;

(b) die wegval van **d** en **g.**

3. Wanneer word die aanvoegende wys in Afrikaans gebruik ?

4. Wat is frekwentatiewe, kausatiewe, intensiewe, privatiewe, ornatiewe, denominatiewe ?

5. Wat is die onbepaalde wys, in watter drie vorme tref ons dit in Afrikaans aan, en wanneer word hierdie verskillende vorme gebruik ?

6. Skryf aantekeninge oor die vorm en gebruik van verkleinwoorde.

7. Wat is vormwoorde en watter rol speel hulle in Afrikaans ?

8. Toon duidelik aan wat die onderskeid is tussen :—
   - (a) leë en voorlopige onderwerp ;
   - (b) enkelvoudige en veelvoudige onderwerp ;
   - (c) direkte en indirekte voorwerp ;
   - (d) hulpww. en hulpbehoewende ww. ;
   - (e) voltooide en onvoltooide deelw.

9. Verdeel die hulpww. in klasse.

10. Lewer kommentaar op die volg. bewerings :—
    - (i) Die Afrikaanse ww. is arm : dit ondergaan feitlik geen vormverandering om verskille in persoon, getal, wyse, vorm en tyd uit te druk nie.
    - (ii) Die skryftaal is belangriker as die spreektaal.
    - (iii) Die uitsondering staaf die reël.

## HOOFSTUK NEGENTIEN.

# VASTE UITDRUKKINGE—SNW. + WW.

(Selfstandige naamwoorde alfabeties gerangskik.)

### A.

aanbod aanneem, verwerp, maak, oorweeg.
aandag skenk, vestig op, wy aan, bestee aan, bepaal by.
aansoek doen, oorweeg, aanneem, van die hand wys.
aanspraak maak op iets.
aanstalte(s) maak.
aanvraag vermeerder, neem toe, verminder, neem af, ontwikkel.
afbreuk doen.
aftog blaas.
agterdog koester.
agting bewys, iemand se agting verkry, verdien, verbeur.
akkord gaan.
aksie instel.
amp beklee.
apologie maak, aanteken.
appèl aanteken.
appeltjie skil met iemand.
applous verdien, uitlok.
argwaan koester.

### B.

baantjies skep vir boeties.
bal misslaan.
bedanking indien, inhandig, aanneem.
bedrog pleeg.
beginsels prysgee.
begroting indien.
beker volskink, ledig, drink.
belange behartig, bevorder.
belastings hef, betaal, ontduik.
belofte maak, breek, nakom.
beleid volg, neerlê, goedkeur.
belydenis aflê.
berig ontvang, weerspreek.
beroep uitoefen, op iemand maak.
beskuldigde veroordeel, vryspreek.
beslag lê op iets.
besluit neem, tot 'n besluit kom.
besoek bring, aflê.
bestelling plaas, uitvoer, kanseleer.
beswaar maak, opper.
betrekking beklee, aanvaar.
bevel gee, uitvoer.
beweging op tou sit, laat misluk ; in beweging bring.

bewys lewer, gee.
blaam verdien.
boedel opgee, beredder.
bohaai maak.
bokerf trek.
borg staan vir iemand.
brand stig, blus.
bron nagaan, naspoor, vasstel.
byval vind.

## D.

daad verrig.
dag bepaal, vasstel.
dank betuig, verkuldig wees.
debat voer, open, hou, inlei.
deputasie afvaardig.
deurslag gee.
dief (skelm) betrap.
diefstal pleeg.
diens bewys, waarneem, in diens tree.
diepte peil.
disnis loop.
divident uitkeer, verklaar.
doeanebelasting (-regte) hef.
doel bereik, beoog, tref, mis.
dokument opstel, bekragtig.
doodstraf toepas, uitvoer.
dors les.
draak steek.
drang voel, weerstaan.
dreiement uitvaardig.
duim vashou vir iemand.

## E.

eed aflê.
eer verwerf.
eerbied betoon.
egtheid betwyfel, bewys.
eindpaal nader, bereik.
eis instel, oorweeg, toestaan, van die hand wys ; aan 'n eis voldoen.
eksamen aflê, afneem, doen, deurkom, sak, druip ; in 'n eksamen slaag.
ellende heers, vererger, verlig, in ellende dompel.
erfporsie nalaat.

## F.

finaliteit bereik.
fout begaan, herstel, deur die vingers sien.

## G.

gang gaan.
gebed doen, verhoor, prewel.
gebod gehoorsaam, oortree.
gebou oprig, sloop.
gebrek ly.
gedagtes vorm, uitspreek, wissel, koester ; op twee gedagtes hink.
gedenkteken oprig.
gees gee, openbaar.
gehalte bereik, oortref, vasstel, handhaaf.
geheim oplos, openbaar, aan die dag kom.
gekskeer, vir die gek hou.
gelag betaal.

geld invorder, skuld, betaal, verduister.
geleentheid gebruik, te baat neem, daag op.
geluk soek, vind, bederwe.
gemeenskap hou, soek.
gemeente bearbei.
gemoed lug.
genot smaak, verskaf.
gerug versprei, doen die ronde, weer-(teen-)spreek.
gesag laat geld.
gesant stuur, afvaardig.
geselskap soek, vermy.
gesindheid openbaar.
geskil ontstaan, oplos.
gesondheid ondermyn.
gesprek aanknoop.
getuienis aflê, inwin.
gevaar vermy.
gevolge dra.
gewete smoor, verkrag.
goedere bestel, versend, verskeep.
goedkeuring wegdra, verkry.
grens oorskry.
grief lug, hê, koester.
guns bewys.

## H.

haat dra.
halt roep.
handelwyse veroordeel, regverdig, afkeur, goedkeur.
harmonie verstoor.
heerskappy voer, hê, verloor, verkry.
hef in hande hê.
heildronk instel.
herkoms vasstel.
hof maak, hou.
honger stil.
hoof bied.
hoofbrekens besorg.
hoogte(punt) bereik.
hoop koester, verydel; die hoop beskaam nie.
houding inneem, kritiseer.
hout kloof.
hulde bring, betoon.
hulp verleen, vir hulp aanklop.
huwelik bevestig, aankondig, in die huwelik tree.

## I.

idees die kop inslaan, koester, daarop nahou.
ideaal koester, verwesenlik, prysgee.
inbreuk maak.
indaba hou.
indruk maak, verwek.
informasie (inligting) inwin, verskaf.
intekenaars verwerf.
intelligensie toets.
invloed uitoefen.
invoerregte hef.

## J.

jawoord gee.
josie in wees.
juweeltjie ontdek.

## K.

kaf praat, verkoop, verslind.
kandidatuur bevorder.
kans waarneem, bederf, laat verbygaan.
kant kies.
karakter beklad.
karaktertrekke openbaar.
katastrofe vermy.
katoen kweek.
kattekwaad aanrig, aanvang.
kennis maak, in kennis stel.
kiet wees met iemand.
kleingeld maak.
knoop deurhaak.
knop steek.
knou kry, weghê.
koalisie vorm, opbreek.
koers kry, kies, vat.
kommissie benoem, betaal, kry.
komplimente maak.
komplot smeed (smee).
konfyt wees in iets.
konsensie kwel my, verkrag.
kontrak sluit, aangaan, breek.
kontras aantoon.
koop sluit.
kop stamp.
korrel vat, hou.
koste dek, betaal, vergoed.
kragte meet, toon, verspil, opspaar.
krediet gee, skenk, verleen.
kreeftegang gaan.
krisis nader, vermy.
kritiek vel, uitoefen, uitlok.
kroon span.
kuns bewonder.
kursus volg.

## L.

lansie breek vir iemand.
las dra, verlig.
leed aandoen, berokken.
leemte aanvul.
leer verkondig, verdedig.
leër afrig, op die been bring, verslaan, afdank.
lendene omgord.
les leer, lees, wees.
lewe lei, vergal.
liefde koester.
lof toeswaai, verdien, inoes.
lont ruik.
lot betreur, verlig, inwerp met iemand.
lug gee.
luste botvier.
lyf wegsteek, skaars hou, op die lyf loop.
lys opstel.

## M.

mag openbaar, hê.
man staan.
melding maak, verdien.
mening uitspreek, toegedaan wees.
merk bereik.
middelpunt vorm, wees.
misverstand voorkom.
moeilikheid oplos.
moeite getroos.
moles maak.
mond hou, verbrand, verbypraat.
moord pleeg.
munt slaan uit iets.

## N.

nagedagtenis eer.
nagmaal hou, vier.
navraag doen.
naywer verwek.
nederlaag ly, toedien.
nek draai, met die nek aankyk.
nekslag gee, toedien.
noodsaaklikheid aantoon.
notiesie neem van.
notule hou, voorlees, goedkeur, onderteken.
noustrop trek.
nut stig.
nuus oordra, verkondig.

## O.

oefening doen, neem, gee.
omvang bepaal.
omwenteling teweegbring.
onderhandelings aanknoop met.
onderrig ontvang, gee.
onderskeid aantoon, vasstel.
ondersoek doen, instel.
onderspit delf.
onderwerp inlei, bespreek, behandel ; van die onderwerp afstap.
onderwys gee, ontvang.
onenigheid bewerkstellig, saai, teweegbring.
ongemak uitstaan, verduur.
onheil dreig.
onkruid uitroei.
onkunde openbaar.
onluste onderdruk, uit die weg ruim.
onreg doen.
onskuld bewys.
ontbering uitstaan, verduur.
ontbyt nuttig, geniet.
ontsag hê, koester, inboesem.
ontslag gee, neem, verkry.
onverskrokkenheid bewonder.
oë sluit vir iets ; in die oog loop, spring.
oordeel vel, uitspreek, wysig ; van oordeel wees.
ooreenkoms aangaan, tref, bekragtig.
oorlog voer, verklaar, staak.
oorsig gee van.
oorsprong bepaal, nagaan.
oorspronklikheid aan die dag lê.
oortreding straf.
oorwinning vier, behaal.
ootmoed openbaar.
opdrag gee.
operasie ondergaan.
opienie uitspreek, daarop nahou ; van opienie wees.
opleiding ontvang.
oppergesag (-bevel) voer.
opsig hê oor.
opstand demp.
opvoeding gee, waardeer.
orde herstel, bewerkstellig, skep uit chaos ; in orde wees.

## P.

paal en perk stel.
pad vind.
pak gee, staan, dra, besorg.
paniek heers, voorkom.
pap warm maak.
paradys herwin, verloor.
parlement byeenroep, verdaag, ontbind.
parte speel.
party kies.
peil behaal.
pennestryd voer ; in 'n pennestryd gewikkeld wees.
permissie kry, gee.
petiesie opstel, teken, stuur.
plan beraam, verydel.
plesier verskaf.
poging aanwend, slaag, misluk.
potjie krap.
prestige handhaaf, bewaar.
probleem oplos, stel ; voor 'n probleem staan.
produk van die hand sit.
profyt trek uit iets.
program opstel.
proklamasie uitvaardig.
prokurasie gee, verleen.
promosie kry.
proteksie verleen.
protes aanteken.
prulwerk lewer.
prys uitloof, behaal.
pryse styg, daal, skommel, bly ferm.
punte behaal.

## R.

raad vra, gee, aanneem, oorweeg, verwerp.
raaisel oplos.
ramp tref iemand.
rassehaat aanwakker.
reaksie vind plaas.
reël neerlê, onder reëls bring.
reëlings tref.
referaat lewer.
refleksie werp op iemand.
regter : as regter optree.
reis onderneem.
rekening vereffen, hou met 'n feit.
rekenskap gee.
reklame maak.
rente verg.
repliek lewer.
reserwe : in reserwe hou.
reserwefonds stig, in die lewe roep.
rewolusie tot stand bring.
riem om die hart hê.
rigting aanwys, gee, inslaan.
rit onderneem.
roem verwerf.
roeping mis, gehoorsaam.
roete volg.
rol speel.
ronde doen.
rookdamp : in rookdamp opgaan.
rookskerm opwerp.
rug draai op iemand.
rusie maak.
ryk stig, verbrokkel.
rykdom vergaar.

## S.

saad saai.
saak bespreek, beklink, afhandel, deurgrond.
Sabbat heilig, hou, onteer.
salaris ontvang, verhoog.
salwo afvuur.
sand in die oë strooi.
sarsie maak.
seël op iets sit of druk.
seën uitspreek, heg aan iets.
selfmoord pleeg.
selfsug openbaar.
sening verrek.
sertifikaat uitreik.
sielstryd voer.
simpatie betoon, bewys.
situasie red.
skade aanrig, berokken, veroorsaak, vergoed, ly.
skatte vergader.
skelmstreke uithaal.
skema opstel.
skeuring vind plaas, is onvermydelik; voorkom.
skip sloop, bou.
skipbreuk ly.
skoonheid bewonder.
skuld beken, ontken.
slae kry, verdien.
slag slaan.
slotsom bereik, tot 'n slotsom kom.
smoel hou.
smokkelhandel dryf.
soort soek soort.
sorg bestee aan iets.
spaanders waai.
spanning breek, in spanning verkeer.
spekskiet.
spiets afsteek.
spit afbyt.
spoor volg, byster wees.
spoorweg bou, open, aanlê.
sport: aan sport deelneem.
sporte klim.
spyker op die kop slaan.
stad aanlê, verower.
stadium bereik.
standbeeld oprig, onthul.
standpunt inneem, handhaaf, verduidelik.
stappe doen, instel.
steen verroer, onaangeroerd laat.
stelsel volg, in die lewe roep, veroordeel.
stem verhef, laat hoor, smoor.
stilswye bewaar.
stilte verkry.
stof gee (om oor na te dink).
stoom afblaas, versamel.
stop sit.
storing verwek.
storm ontstaan, kom op, bedaar.
straf toedien.
stroom keer.
stryd voer, aanknoop met.
studie onderneem, voltooi, voortsit.
sug slaak.
sukses behaal.
suspiesie hê.

## T.

taak aanvaar, voortsit, voltooi, bemoeilik, verlig, stel.
takt aan die dag lê.
taktiek volg.
tande kners, op mekaar byt.
teenstand bied, ondervind, uitlok.
teësin kry, wek.
temptasie weerstaan.
teorie ontwerp, omvergooi.
terrein betree.
toekoms glimlag jou toe.
toespraak hou.
toevlug neem tot.
tog aanvaar, onderneem.
toon aangee, aanslaan.
toorn ontbrand, verwek.
toppunt bereik.
tradiesies hooghou, bewaar, handhaaf, in ag neem.
trane stort.
tronkvoël ontsnap.
turf sit aan die klippe.
twak is nat.
tweespalk heers, teweegbring, betreur.
twis ontstaan, besleg.
twyfel ontstaan.
tyding bring.

## U.

uiting gee aan.
uitleg gee, verskuldig wees.
uniformiteit bereik.

## V.

vaandel ophou.
vaart stuit.
vakansie hou, deurbring, geniet.
vandalisme pleeg.
vandiesie hou.
variasie soek, teweegbring.
vasberadenheid aan die dag lê.
vastigheid kry.
vat kry op iemand.
veglus openbaar.
veldtog begin, op tou sit, onderneem.
venyn braak.
verantwoordelikheid dra, rus (op my skouers).
verantwoording doen.
verband passeer.
verbeterings aanbring, voorstel.
verbinding teweegbring.
verbintenis aangaan.
verbod uitvaardig.
verbond sluit, aangaan.
verdrag teken, sluit.
vereniging stig, in die lewe roep, toespreek.
vergadering belê, toespreek, verdaag, uitstel, afstel.
vergelykings maak, tref.
vergifnis vra, skenk.
vergoeding kry.
verlies vergoed.
verlof verleen.
verlossing kom, daag op.
vernuf openbaar, aan die dag lê, bewonder.
verraad pleeg.
verset toon.
verskil aantoon, blyk

verskyning maak.
verslag gee, voorlê, ter tafel lê.
versoek rig (aan iemand), weier, toestaan, inwillig.
versoeking weerstaan, in versoeking lei.
versugting styg ten hemel.
verteenwoordiger benoem, aanstel.
vertroue stel in iemand, wen, verloor, verbeur; in jou vertroue neem.
verwagtinge(s) koester.
verwarring veroorsaak.
verwyte teen die hoof slinger.
vlag stryk.
vlerk sleep by iemand.
vlyt openbaar.
voedsel verskaf.
voet by stuk hou.
voldoening smaak.
volmag skenk, verleen.
vonnis vel, uitspreek, voltrek, wysig.
voorbeeld gee, volg.
voordeel trek uit iets.
voorkeur gee aan iets.
voorraad bestel.
voorsiening maak.
voorstel indien, bespreek, tot stemming bring, aanneem, verwerp.
voortou neem.
vooruitgang belemmer.
voorwaarde stel, aanneem.
voorwensel vind.
vraagstuk oplos.
vrede sluit.
vrees inboesem.
vrug dra.
vrugte pluk, afwerp.
vryheid verkry, geniet.
vrywilligheid toon.
vyand omsingel, uitoorlê.

## W.

waarde heg aan iets.
wanorde heers.
ware opvysel.
water klief.
weddenskap aangaan.
wederdiens bewys.
wedstryd uitskryf.
weerklank vind.
weg wys, aanwys, versper, bewandel.
welluste laat botvier.
welvaart beoog.
wending neem.
wenk gee.
wens uitspreek.
werk aanpak, aanvaar, voltooi, staak, verskaf aan.
werkkring soek, vind.
werkwoord vervoeg.
wet maak, passeer, herroep, voorskryf, ontduik, oortree, gehoorsaam, naleef.
wetgewing indien.
wetsontwerp indien, bespreek, ter tafel lê.
wissel trek (op iemand), akseptеer, hernuwe, honoreer, dishonoreer, noteer, protesteer.
witvoetjie soek.
woede bars los, bedaar.
woord voer.
wraak neem.

wrok koester, hê.
wyl verpoos.
wysheid verkondig, aan die dag lê.

**Y.**

ys breek.
ywer openbaar, aan die dag lê.

## Oefening 19a.

Voltooi die volg. sinne met volt. deelw. wat pas (b.v. 'n aanbod word **aangeneem**) :—

1. 'n plan word —.
2. 'n poging word —.
3. 'n moord word —.
4. 'n aansoek word —.
5. 'n versoek word —.
6. 'n besoek word —.
7. ondersoek word —.
8. stappe word —.
9. 'n eed word —.
10. 'n probleem word —.
11. inligting word —.
12. 'n voorreg word —.
13. tradiesies word —.
14. 'n ooreenkoms word —.
15. my ideale is —.
16. 'n vonnis word —.
17. 'n belasting word —.
18. navraag word —.
19. 'n bohaai word —.
20. bedrog word —.

## Oefening 19b.

Soos vorige oefening :—

1. agterdog word —.
2. die bron word —.
3. hy het die onderspit —.
4. hy het die spit —.
5. vandalisme word —.
6. hy het die gelag —.
7. honger word —.
8. dors word —.
9. voorsiening word —.
10. 'n deputasie word —.
11. 'n begroting word —.
12. verwarring word —.
13. uniformiteit word —.
14. applous word —.
15. 'n wetsontwerp word —.
16. wraak word —.
17. onderhandelings word —.
18. invloed word —.
19. 'n mening word —.
20. 'n gedenkteken word —.

## Oefening 19c.

Vul in snw. wat pas (b.v. 'n **aanbod** aanneem) :—

1. 'n — beredder.
2. jou — laat botvier.
3. jou — toon.
4. om — te bewaar.
5. 'n — weerstaan.
6. — bied.
7. die — deurhaak.
8. 'n — uitvaardig.
9. 'n — afvaardig.
10. jou gevoelens — gee.
11. iets die — gee.
12. — stig.
13. iemand se — bewonder.
14. jou — nuttig.
15. 'n — van die hand sit.
16. — demp.
17. 'n — inslaan.
18. — verskaf.
19. 'n — afvuur.
20. 'n — opstel.

## Oefening 19d.

Gee **drie** ww. wat in verbinding met die volgende snw. in vaste uitdrukkinge voorkom (b.v. 'n aanbod word **aangeneem** of **oorweeg** of **verwerp**) :—

1. 'n vergadering word —.
2. jou kragte —.
3. 'n standpunt word —.
4. 'n bestelling word —.
5. 'n eksamen word —.
6. 'n gerug word —.
7. kritiek word —.
8. 'n leër word —.
9. die notule word —.
10. 'n eis word —.
11. die gehalte word —.
12. jou handelwyse is —.
13. kaf word —.
14. dié onderwerp word —.
15. teenstand word —.
16. raad word —.
17. geluk word —.
18. heerskappy word —.
19. belastings word —.
20. goedere word —.

## Oefening 19e.

Vul in **drie** snw. wat in vaste uitdrukkinge saam met die volgende ww. voorkom (b.v. **'n aanbod** of **voorstel** of **aansoek** aanneem) :—

1. — doen.
2. — beklee.
3. — instel.
4. — aflê.
5. — maak.
6. — aan die dag lê.
7. — behaal.
8. — tref.
9. — openbaar.
10. — inneem.

11. — aanvaar.
12. — ontstaan.
13. — aanteken.
14. — aangaan.
15. — koester.
16. — pleeg.
17. — oplos.
18. — verwek.
19. — hou.
20. — bereik.

## Oefening 19f.

Gee die teenoorgestelde van (b.v. 'n aanbod **aanneem,** 'n aanbod **verwerp**) :—

1. Iemand **seën.**
2. Om 'n **nederlaag** te **ly.**
3. Om jou skuld te **beken.**
4. 'n Versoek **toestaan.**
5. 'n Aansoek **aanneem.**
6. 'n Wet **naleef.**
7. 'n Eksamen **deurkom.**
8. 'n Gerug **versprei.**
9. Dit **bevorder** my gesondheid.
10. 'n Werk **aanpak.**
11. Die doel **tref.**
12. 'n Beskuldigde **veroordeel.**
13. Die aanvraag **neem toe.**
14. Om **oorlog** te **verklaar.**
15. Die Sabbat **heilig.**
16. 'n Belofte **breek.**
17. Iemand se geselskap **soek.**
18. Iemand se handelwyse **regverdig.**
19. Pryse het **gestyg.**
20. 'n Wet **passeer.**

## Oefening 19g.

Voltooi die volgende uitdrukkinge met woorde wat ontbreek, en gebruik hulle dan in goeie volsinne :—

beslag — op —, aandag bestee —, aandag bepaal —, aanspraak — op —, 'n — te baat neem, die — in hande hê, 'n — van die hand wys, 'n — ter tafel lê, 'n voorstel in den brede —, iets te berde —.

## HOOFSTUK TWINTIG.

## **VOORSETSELS EN IDIOMATIESE UITDRUKKINGE.**

Voors. is baie nou verwant aan voegwoorde: albei tree op as verbindingswoorde (taalsement). In Hoofstuk 2, par. 10 het ons gesien dat voegw. nie alleen sinne verbind nie, maar dikwels ook sinsnedes en woorde (Jan **en** Piet, ens.).

Voors. verbind naamwoorde (snw. en vnw.) met die res van die sin. Ons sê dan die voors. ,,bepaal'' die naamwoord, terwyl dit saam met die naamw. plek, tyd, omstandigheid, ens., aandui. Dus, in die sin :—

Ek staan **voor** die boom **in** die tuin,

dien **voor** en **in** as verbindingswoorde (hulle verbind ,,boom'' en ,,tuin'' met die res van die sin), maar terselfdertyd dui hulle aan wat my betrekking is tot die boom, en wat die boom se betrekking is tot die tuin.

Voors. is ook baie nou verwant aan bywoorde; inderdaad baie voors. was oorspronklik suiwer bywoorde. So kry ons vandag nog baie woorde wat as voors. sowel as byw. voorkom, b.v.

Ek staan **voor** die boom **agter** die huis (voors.).
Ek loop **voor,** Jan **agter** (byw. van plek).

Hierdie noue verband tussen voors., voegw. en byw. is nog 'n bewys dat die indeling in tien rededele alleen 'n poging is om taalstudie te vergemaklik, en gladnie beteken dat ons die rededele in waterdigte kompartemente wil isoleer nie (sien ook Hoofstuk 2, par. 1 en elders).

Soos in Hoofstuk 2, par. 12 net aangestip is, speel voors. 'n baie groot rol in moderne tale, en is hulle by uitstek die woordjies wat daartoe bydra om 'n eie, kenmerkende taalidioom te skep. Hieronder kry ons 'n lysie van die vernaamste voors. met hulle betekenisse en gebruike. Let veral op die gebruik van voors. in idiomatiese uitdrukkinge.

## AAN.

**Aan** kan die volgende betekenisse hê :—

(1) **Plek** (rus) : Ons sit **aan** tafel.
Hy studeer **aan** die universiteit.

(2) **Plek** (beweging) : Gee die blomme **aan** (vir) haar.

(3) **Oorsaak** : Hy het **aan** tering beswyk.

(4) **Handeling** wat nog aan die gang is :—

Ek is (was) **aan** skrywe (aan 't skryf, aan die skrywe).
Sien ook Hoofstuk 15, par. c, opm. (vi).

Die voors. **aan** word in talle vaste uitdrukkinge aangetref : saam met ww. (dink **aan,** ly **aan,** ens.) ; volt. deelwoorde (geheg **aan,** verloof **aan,** ens.) ; idiome en spreekwoorde (botter **aan** die galg smeer, ens.). Hieronder volg 'n aantal wat deel vorm van ons taalidioom.

Ek **dink aan** jou.
Ek **herken** hom **aan** sy stem.
Hy **ly aan** tering.
Hy **beswyk aan** tering.
Hy **skryf aan** my.
**Aan weerskante.**
**Aan weersye.**
**Twee aan twee.**

Dit **behoort aan** my.
Hy **hou vas aan** haar.
Hy is **geheg aan** haar.
Hy is **verloof aan** haar.
Hy is **getrou aan** haar.
Hy is **verwant aan** haar.
Hy is **gewend aan** haar.
Hy is **verslaaf aan** drank.

Dis **te danke aan** jou dat ek geslaag het.
Dis **te wyte aan** jou dat ek gedruip het.
God is **aan** tyd nog plek **verbonde.**
Ek sal dit **aan die hand gee.**
Jy moet jou **onderwerp aan** die onvermydelike.
Losbandigheid is **aan die orde van die dag.**
Ek kan hom dit nie **aan die verstand bring** nie.
Hierdie woord is **ontleen aan** Frans.
Jy sal jou **aan gevaar blootstel.**
Ek **neem deel aan** sport.
Ek **het die land aan** sulke partytjies.
Jy moet **voldoen aan die eise** (vereistes) van die eksamen.
Dis nog **onderhewig aan** veranderinge.
Dit **gaan mank aan** vele gebreke.
Hy het hierdie skrywer **aan die vergetelheid ontruk.**
Ek sal jou bedrog **aan die kaak stel.**
Jy moet dit **toets aan** jou ondervinding.

Dis **botter aan die galg smeer** (vergeefse moeite).
Dis 'n vreeslike **blok aan sy been.**
Hy **hou** my so lank al **aan 'n lyntjie.**
Van Riebeek **het** in 1652 **aan wal gestap.**
Hy is **hoog aan** (dronk).
Dit **kom daar nie op aan** nie.
Ek weet nie waar ek **aan of af** is nie.
Dis 'n groot onkoste **aan sy kwas.**

## AANGAANDE.

**Aangaande** my en my huis, ons sal die Here dien.
My **aangaande,** ek bly by die huis.

## AGTER.

**Agter** druk **plek** uit: Hy sit agter my op 'n stoel.
Let op dat ons **agter** vir **plek** gebruik, en **na** vir **tyd**, b.v.

Agter die skool = agter die gebou.
Na skool = na die skool uit is.

Ek sal tog **agter die waarheid kom.**
Hy is nog **nat agter sy ore.**
Hy doen dit **agter my rug.**
Daar **skuil iets agter** (wat skuil daaragter ?).

## ANDERKANT.

**Plek**: Ons woon **anderkant** die berge (rivier).

## BEHALWE.

**Uitsondering**: Almal was teenwoordig **behalwe** Jan.
**Bo en behalwe dit** is hy nog stout ook.

## BENEWENS.

Soos **behalwe** (in hoogdrawende styl).

## BETREFFENDE.

Gee my alle informasie **betreffende** die saak.

## BINNE.

(1) **Plek** : Ek was **binne** die huis toe dit begin reent het.
(2) **Tydsbeperking** : Hy sal my **binne** 'n week betaal.
'n Volledige bespreking kan nie **binne die bestek** van één opstel plaasvind nie.

## BINNEKANT.

**Plek** : Ek was binnekant die gebou toe die brand uitgebreek het.

## BO.

**Tyd** : Kinders **bo** ses jaar moet volprys betaal.
In idiomatiese uitdrukkinge :—

Ek **verkies** melk **bo** water.
Dis **bo my vuurmaakplek** (gal, jakhals).
Dis **bo verwagting** goed.

## BOKANT.

**Plek** : Die een plaas lê **bokant** die ander plaas.

## BO-OP.

**Plek** : Die plaas lê **bo-op** 'n berg.

## BUITE(KANT).

**Plek** : Ek was **buite(kant)** die huis toe dit begin reent het.
In uitdrukkinge :—

Dit **het** hom **buite die geveg gestel.**
Jy mag dit nie **buite rekening laat** nie.
Ek doen dit **buite my werk om.**

## BUITEN.

**Uitsondering** : Almal mag gaan **buiten** Jan.
(Buiten = behalwe = benewens).

## BY.

(1) **Plek** : Ek sal jou **by** die koffiehuis ontmoet.
(2) **Tyd** : Dis **by** vyfuur (**by** dag, **by** nag, **by** Augustus, ens.)

(3) **Oorsaak** : Ons moes melk drink **by** gebrek aan water.
In uitdrukkinge :—

Dis nie eers **by benadering** juis nie.
Hy is nie **by al sy positiewe** nie.
Jy moet **by die punt** bly (jou hou by die punt).
**By my siks** (koliewaar).
Ek dank u **by voorbaat** (in sakebriewe veral).
Jy moet jou **neerlê by** die onvermydelike.
Hierdie boek **behoort by** die ander.
**By verdere ondersoek** sal **blyk** dat hy skuldig is.
Jy moet die bul **by die horings pak.**

## DEUR.

(1) **Plek** : Steek jou hand **deur** die draad.

(2) **Oorsaak** : **Deur** die droogte is baie boere verarm.

(3) **Middel** : Die boek is **deur** J. geskryf.

In uitdrukkinge :—

Ek stuur almal **deur die bank.**
**Deur middel van** bedrog is hy vandag ryk.
Hy het dit **deur bemiddeling van** sy vader gekry.
Dié geskree gaan **deur murg en been.**
**Die hele jaar deur** reent dit by ons.
Jy **praat** somar **deur jou nek.**
Ek sal dit maar **deur die vingers** sien.
Hy was skoon **deur die wind** (dronk, deurmekaar).
Hy het **deur die wingerd geloop** (gedrink).

## DEUSKANT.

**Plek** : Ons woon **deuskant** die rivier.

## DIGTEBY.

**Plek** : Hy woon **digteby** ons.
Die steke is **digteby** mekaar.

**Opm.**—Gewoonlik word **naby** gebruik.

## GEDURENDE.

**Tyd** : Baie soldate het **gedurende** die oorlog gesneuwel.

## IN.

(1) **Plek** : Ons woon **in** 'n dorp.
(2) **Tyd** : Die huis sal **in** drie weke klaar wees.
In baie idiomatiese uitdrukkinge :—

Alles is **in orde.**
Alles is **in die war.**
Alles is **in rep en roer.**
Alles is **in volle gang.**
Iemand **in dwang hou.**
Iemand **in hegtenis neem.**
Iemand **in die wiele ry.**
Iemand **in die rede val.**
Iemand **in die sak hê.**
**By** iemand **in diens tree.**
**Met** iemand **in voeling bly.**
**In skuld** (ellende) **dompel.**
**In doodsangs verkeer.**
(**in** welstand, ellende, wanhoop, 'n benarde toestand, die verknorsing, ens., **verkeer.**)
**In dié verband.**
**In hierdie opsig.**
**In stryd met.**
**In ooreenstemming met.**
Ek is **in verleentheid.**
**In die bottel kyk.**
Hoog **in die takke wees.**
**In die swart gekleed.**
**In staat stel, wees.**
Hom **vergis in** iets.
Hom **verlustig in** iets.
**Berus in** die onvermydelike.
**In die pekel sit.**
Die **hef in hande hê.**
Hy is **in sy noppies.**
**In gebreke bly** om iets te doen.
Moeilikheid **in die gesig staar.**
Vir iemand **in die kryt tree.**

**In 'n ommesientjie.**
**In 'n omsientjiestyd.**
**In 'n kits.**
**In volle vaart.**
**In vredesnaam.**
Iets **in gereedheid hou.**
Iets **in gereedheid bring.**
Iets **in voorraad hê.**
Iets **in stand hou.**
Iets **in swang hou.**
Iets **in oorweging neem.**
Iets **in der minne skik.**
Iets **in pand gee.**
Iets **in aanmerking neem.**
Iets **in ere herstel.**
Iets is **in wording.**
Iets is **in sig.**
**In my skik met** iets.
**In iemand 'n renons hê.**
**In 'n behoefte voorsien.**
**In stede** (plaas) **van.**
**In die vreemde** bly.
**In kwarto.**
**In één slag.**
**In die veertig.**
**In die openbaar.**
**In den beginne.**
**In sy prille jeug.**
**Aandeel neem in iets.**
**In aanmerking kom vir** die prys.
**In weerwil van** (ten spyte van).
Dit **steek** my **in die krop.**
Dis 'n **doring in die vlees.**
Iemand se **hand in die as slaan.**
Dit **sit** my **in die kooi.**

## IN . . . . IN.

**Plek** : Hy gaan **in** die huis **in.** (Om rigting na 'n plek te beklemtoon).

## JEENS.

**Verhouding** : Hy is baie vriendelik **jeens** (teenoor) my.

## LANGS (LANGES).

**Plek** : **Lang(e)s** die rivier staan 'n ry bome.
**Al** word dikwels saam met **lang(e)s** gebruik :
Al langes die rivier . . . .
In uitdrukkinge :—
**Langs hierdie weg** sal jy nie slaag nie.

## MET.

(a) **Begeleiding** : Gaan jy **met** my na die dorp ?
(**Saam** word dikwels met **met** gebruik :
Gaan jy saam met my, met my saam ?)

(b) **Middel** : Ek gooi hom **met** klippe.
In idiomatiese uitdrukkinge :—

**Met opset** iets doen.
**Met snaar en tamboer.**
**Met snaar en stramboel.**
**Met raad en daad** bystaan.
**Met woorde skerm.**
**Met trots** (weemoed, ens.) **vervul.**
**Met mag en krag.**
**Met huid en haar.**
**Met huidjie en muidjie.**

Hy is **getroud met** haar.
Iemand **met advies bedien.**
Hy **dweep met** Visser.
Hy **bemoei** hom **met** alles.
**Met iets gemoeid** wees.
Hy is **behep met** 'n idee.
Hy is **ingenome met** 'n idee.
Hy **sit met 'n bek vol tande.**
Hy **skiet met spek.**
Hy **eet met lang tande.**

## NA.

(1) **Plek** : Ek gaan **na** die bioskoop.

Om hierdie beweging na 'n plek te beklemtoon, word **toe** dikwels met **na** gebruik :—

Ek gaan na die bioskoop toe.

So gou as **na** weggelaat word kry ons die koppelteken : Ek gaan kerk-toe, bioskoop-toe.

(2) **Tyd** : **Na** vyfuur is die winkels toe.

In baie uitdrukkinge :—

Hy **verlang na** sy pa.
Hy **aard na** sy pa.
Hy **lyk na** sy pa.
Hy **kyk na** sy pa.
Hy **dans na** sy pa se pype.
**Op verre na nie.**
Jou **skik na** omstandighede.
Hy is **begerig na** wysheid.
Hy **sien verlangend uit na** die vakansie.
Hy **streef na** rykdom.
**Met verwysing na** u brief.
Hy **verwys** my **na** sy pa.
**Na willekeur** (hartelus).
**Na behore** (verdienste).
**Na regte.**
**Tering na die nering sit.**
Dit is so **na my smaak.**

## NABY.

(1) **Plek** : Hy woon baie **naby** die dorp.
(2) **Tyd** : Dis al **naby** tienuur.

## NAAS(AAN).

**Plek** : Hy woon in die huis **naas(aan)** ons.

## NAMENS.

**Namens** my vrou wens ek u almal baie hartlik te bedank vir u oorkoms.

## NIETEENSTAANDE.

**Toegewing** : Ons het gegaan **nieteenstaande** die reën.

## OM.

(1) **Plek** : Hy loop **om** die huis.
(2) **Tyd** : Ek sal **om** tienuur daar wees.
(3) **Doel** : Hy doen dit **om** die geld wat hy sal kry.

In idiomatiese uitdrukkinge :—

**Om my** (jou, ens.) **ontwil.**
**Om hemelswil.**
**Om die lewe kom** (doodgaan).
**Om die lewe bring** (dood maak).
**Om die bos loop** (spring) met iemand.
**Al om die drie uur.**
**Om en by die veertig.**
**Om den brode.**
Ek **gee** nie **om nie.**

## OMTRENT.

(omstreeks, ongeveer).

(1) **Maat** : Daar was **omtrent** seshonderd mense.
(2) **Tyd** : Dis nou **ongeveer** tien jaar gelede.

## ONDANKS (trots).

**Toegewing** : **Ondanks** (trots, ten spyte van, in weerwil van, nieteenstaande) die reën het ons gegaan.

## ONDER.

(1) **Plek** : Ek loop **onder** die leer deur.
(2) **Tyd** : So **onder** die praat het hy verdwyn.

In uitdrukkinge :—

**Onder andere** (o.a.).
**Onder meer** (o.m.).
Iets **onder bedwang** hê.
Iets **onder beheer** hê.
**Onder vier oë.**
Iets **onder eed bevestig.**
Die saak is **onder bespreking.**
Hy gaan **gebuk onder** smart.
Hy **staan onder verdenking.**
Hy is **onder kwarantyn.**
Hy loop **met sy siel onder die arm.**

## OOR.

(1) **Plek** : Ons loop **oor** die brug.
(2) **Tyd** : Ek sal **oor** 'n uur kom.

In uitdrukkinge :—

**Vandag oor 'n week.**
Ek is **bekommerd oor** jou.
Ek **bekommer** my **oor** jou.
Ek **ontferm** my **oor** jou.
Ek is **onrustig oor** jou.
Ek is **verheug oor** die feit.
Ek is **begaan oor** jou.
Ek is **kwaad oor** jou oneerlikheid.
Ek sal **oor die tou trap.**
Ek **lag oor** die grap.
Ek **dink oor** (aan, om) jou.
Ek **kla oor** die droogte.
Ek **knibbel oor** die prys.
Hy **beskik oor** baie geld.
Iets **oor die hoof sien.**
**Oordeel oor** iets.
**Iemand oor wees.**
Iemand **oor die kole haal.**

## OP.

(1) **Plek** : Ons woon **op** 'n dorp.
**Op** 'n klein plekkie, **in** 'n groot plek :—
Ek woon op Lady Grey, hy in Kaapstad.
(2) **Tyd** : Ek sal **op** 'n ander dag kom.
(3) **Graad** of **wyse** : Hy doen dit **op** sy gemak.

In uitdrukkinge :—

Ek **vertrou op** jou.
Ek **reken op** jou.
Ek **maak staat op** jou.
Ek **is trots op** jou.
Ek is **jaloers op** jou.
Ek kom (is) **op stryk.**
Hy lê **op sy uiterste.**
Iets **op die keper beskou.**
Iets **op sy duim ken.**
Iets **op eie houtjie doen.**
Iemand **op heterdaad betrap.**
Iemand **op die hande dra.**
Iemand **op die vingers tik.**
Hy **maak aanspraak op** iets.
Hy **kyk op sy neus.**
Hy is **op sy hoede.**
**Op parool.**
**Op die ou laai.**
**Op sy hoogste.**
**Brief op brief.**
Hy **kry op sy bas.**
'n Leër **op die been bring.**
Hy is **op haar beenaf.**
Ek sal **op sy tone trap.**

Hy **antwoord op** my vraag.
**In antwoord op** u brief.
**Op kantoor** (skool).
**Op** vyf **na.**
**Op 'n haar na.**
**Op die oomblik.**
**Op dié gebied.**
**Op die koop toe.**
**Op sig** stuur.
**Op koste van** die staat.
**Op grond van** 'n feit.
**Op gevorderde leeftyd.**
**Op staande voet.**
Iets is **op hande.**
**Op iets ingaan.**
Iets **kom op die lappe.**
Hy **rus op sy louere.**
Hy **hamer** altyd **op dieselfde aanbeeld.**
Sy **sit op die bakoond.**
Sy **is op die rak.**
Hy is gou **op sy perdjie.**
Hy **slaan die spyker op die kop.**

## PER.

(1) **Maat** : Dit is ses pennies **per** pond.
(2) **Middel** : Ek reis **per** trein, trem, motor, ens. (maar : **te** voet, **te** perd.)

In uitdrukkinge :—

**Per ongeluk.**
**Per abuis.**

**Per kerende pos.**
**Per slot van rekening.**
**Soos per vragbrief.**

## REGOOR.

**Plek** : Hy woon in die huis **regoor** ons.

## RONDOM.

**Plek** : Daar is doringdraad **rondom** die plaas.

## SEDERT (sinds).

**Tyd** : **Sedert** 1908 was ek nog nie weer daar nie.

## SONDER.

**Skeiding** : Jy kan nie **sonder** 'n hoed gaan nie.

In uitdrukkinge :—

**Sonder uitsondering.**
**Sonder aansien des persoons.**
**Sonder weerga.**
**Sonder slag of stoot.**

## TE.

(1) **Middel** : Ek loop **te** voet, of ry **te** perd.
(2) **Plek** : Ons woon hier **te** lande.

In uitdrukkinge :—

**Te velde trek** teen 'n vyand.
Die vyand **te pletter loop.**
'n Saak **te berde bring.**
**Te voorskyn** kom.
**Te kus en te keur gaan.**
**Te gelegener tyd.**
Iemand **te woord staan.**

## TEEN.

(1) **Tyd** : Dit het so **teen** dagbreek opgehou.
(2) **Plek** : Ek leun **teen** die muur.
(3) **Prys** : Appels word nou **teen** ses shillings die kissie verkoop.

In uitdrukkinge :—

**Teen wil en dank.**
**Teen heug en meug.**
Hy **versit** hom **teen** my.
Hy **vaar uit teen** my.
Hy is **bestand teen** die koue.
Hy is **gekant teen** die voorstel.

## TEENOOR.

**Verhouding** : Hy is vriendelik **teenoor** (jeens) almal.

## TEN.

Oorspronklik **te den** ; ou derde naamval, behou in vaste uitdrukkinge :—

**Ten spyte van** die reën.
**Ten behoewe van** die armes.
**Ten eerste** (twede, ens.).
**Ten seerste. Ten slotte.**
**Ten volle. Ten dele.**
Hy **gaan ten gronde.**
**Ten minste. Ten beste.**
**Ten strengste.**
**Ten gunste van** die voorstel.
**Ten opsigte van** die saak.
**Ten koste van** my gesondheid.
**Hedentendage.**
**Ten gevolge van die reën.**
My gebed **styg ten hemel.**
Iemand **ten onder bring.**
**Ten voordele van.**
**Ten nadele van.**

Sien Hoofstuk 4, par. 3.

## TER.

Oorspronklik **te der** ; behou in 'n aantal ou derde naamvalle (sien Hoofstuk 4, par. 3) :—

Iets **ter harte neem.**
Iets kom **ter sprake.**
Iemand **ter dood veroordeel.**
Iets **kom** my **ter ore.**
Iets **ter insage** stuur.
Hy is **wel ter tale.**
**Ter beskerming van.**
**Ter bekragtiging van.**
**Ternouernood.**
**Mettertyd.**
**Ter elfder ure.**
**Terwille van** my moeder.
**Ter ere van** God.
**Ter bekwamer** tyd.
'n Wetsontwerp **ter tafel lê.**
Dis nie **ter sake** nie.
'n Afgestorwene **ter aarde bestel.**
'n Afgestorwene **ter ruste lê.**

## TOT.

(1) **Plek** : Hy gaan van plek **tot** plek.
Dikwels saam met **by** :—

Die trein gaan **tot by** Stellenbosch.

(2) **Tyd** : Jy sal moet wag **tot** Maandag.
In uitdrukkinge :—

**Totsiens, tot wederom.**
**Met betrekking tot** u brief.
**Met referte tot** u brief.
Iets **tot stand bring.**
**Tot my spyt** (leedwese, ens.).
Iemand **dwing tot** gehoorsaamheid.
Iemand **aanspoor tot** groot dade.
Hy is **geneig tot** sonde.

**Tot vervelens (toe).**
**Tot tyd en wyl.**
Iets **tot niet maak.**
Iemand **tot trane beweeg.**
Iemand **verlof gee tot** iets.
Iemand **tot by** oom Daantjie in die kalwerhok opdons.
'n Maatreël **tot wet verhef.**
Dit **gee aanleiding tot** ontevredenheid.
Dit **behoort tot** die verlede.
Hy is **bekwaam tot** enige iets.

## TUSSEN.

(1) **Plek** : Ek staan **tussen** twee nooiens.
(2) **Tyd** : Dit was so **tussen** Kersfees en Nuwejaar.
In uitdrukkinge :—

So **tussen die boom en die bas.**
**Tussen twee vure.**
**Tussen hakies.**
**Tussen ons gesê.**

## TYDENS.

**Tyd** : **Tydens** my siekte was ek baie swak.

## UIT.

(1) **Plek** : Hy kom **uit** die huis.
Dikwels word **uit** herhaal om die beweging te beklemtoon : **uit** die huis **uit.**
(2) **Oorsaak** : Hy doen dit **uit** vrees.
In uitdrukkinge :—

Dit **bestaan uit** drie dele.
**Vertaal uit** Engels in Duits.
**Uit alle mag.**
Die **aap kom uit die mou.**
Dis iets **uit die ou doos.**
Iets **uit jou duim suig.**
**Uit die oog, uit die hart.**
Iets **uit die hoof leer.**
**Uit die staanspoor (uit).**
Dit **blyk uit** die verslag.
**Uit die vuis.**
**Uit wans uit.**
**Uit naam van.**
**Uit lit.**

## VAN.

(1) **Plek** : Hy kom **van** die Kaap (af).
(2) **Tyd** : Ek werk **van** Maandag tot Vrydag.
(3) **Besit** : Dis 'n boek **van** my.
(4) **Oorsaak** : Ek ril **van** angs.
(5) **Stof** : My ring is **van** goud.

In uitdrukkinge :—

**Vandeesweek** (vandeseweek).
**Vandeesjaar** (vandesejaar).
**Vanjaar, vandag.**
**Vanmore** (vanmôre).
**Vanoggend.**
**Vanmiddag.**
**Vannag.**
Iets **van die hand wys.**
**Van** 'n onderwerp **afstap.**
Dis **ontbloot van** alle waarheid.
Dis **van nul en gene waarde.**
Naam **van die lys skrap.**
Iets **van die hand sit.**
**Van oudsher.**
**Van regsweë, ryksweë, staatsweë.**
Iemand **van die wal in die sloot lei.**
Hy is **van sy wysie af.**

**Vandeesmaand** (vandesemaand).
Ek **hou van** hom.
Dit **hang af van** jou.
Hy is **verstoke van** dié voorreg.
**Na aanleiding van** u brief.
Ek sal jou **voorsien van** kos.
Iemand **van bakboord na stuurboord** stuur.
Hy is **van stryk af.**
**Van weerskante** (weersye).
**Van toeka** (hoeka) **se dae af.**
Die mens is **van nature** boos.
**Van kindsbeen.**
Hy is **van die punt af.**
Ek is **van mening** dat . . . .
Ek het **van my skrik bekom.**
Hy is **genees van** sy kwaal.
Hy is **van die gras af.**

## VIR.

(1) **Bestemming** : Die blomme is **vir** jou.
(2) **Doel** : Hulle lewe **vir** plesier.
(3) **Prys** : Ek het dit **vir** 'n sikspens verkoop.
(4) **Tyd** : Ons het **vir** tien uur gewerk.

**Opm.**—Ons gebruik **vir** vaak met die **indirekte voorwerp** (Gee **vir** my die boek ; hier kan dit ook weggelaat word : Gee my die boek) ; met die **direkte voorw.** gebruik ons **vir** gewoonlik alleen om dubbelsinnigheid te vermy : ,,Die man het Gert geslaan" kan beteken : Die man het **vir** Gert geslaan, of : **Vir** die man het Gert geslaan.

In uitdrukkinge :—

Ek is **lief vir** vis.
Ek is **teë vir** vis.
Ek is **kwaad vir** Jan.
**Ek vir my.**
Jy kry **stank vir dank.**

**Dag vir dag.**
**Een vir een.**
**Stap vir stap.**
**Vir goed** (vir altyd).

## VERBY.

**Plek** : Hy het **verby** die plek geloop waar ek gestaan het.

## VOOR.

(1) **Plek** : Die haan kraai **voor** die hok.
(2) **Tyd** : Ek sal **voor** Maandag kom.

In uitdrukkinge :—

**Die voor en teen.**
Hy **het voor die hof gekom.**
Iemand **'n rad voor oë draai.**
**Pêrels voor swyne werp.**
**Voor dooiemansdeur** te staan kom.
**Dou voor dag.**
**Voor die voet.**
Die **kar voor die perde span.**

## VOLGENS.

**Volgens** Sangiro het 'n dier ook 'n siel.

## WEENS.

**Oorsaak** : **Weens** die reën moes ons tuisbly.

### Oefening 20a.

Gebruik o.s. voors. in flink sinne :—

aangaande, benewens, gedurende, ondanks, betreffende, sedert, volgens, teenoor, buiten, sinds, omstreeks, blykens, kragtens, ongeveer, behoudens.

### Oefening 20b.

Vul in die ontbrekende voors. :—

1. — drie — was almal teenwoordig.
2. Ek het — trein gegaan, Jan — voet.
3. Die saak wat gister — bespreking was, is nou weer ope — bespreking.
4. Wat hy gesê het sal ek — harte neem want ek vertrou —hom.
5. Hoewel hy veel — stand gebring het, het sy nakomelinge dit nie alles — stand gehou nie.
6. Vertaal — Engels — Afrikaans.
7. Ons is geneig — sonde en nie bestand — versoekings nie.

8. Die man is — die regter — dood veroordeel.
9. Ek sal jou nie langer — kos en klere voorsien nie, want ek moet darem — my eie behoeftes ook voorsien.
10. Ek is kwaad — Jan, geheg — Gert, bang — Piet, jaloers — Klaas en bekommerd —Annie.
11. Vandat sy — hom getroud is, was sy getrou — hom.
12. Jan is lief — Sannie, verlief — Bettie en verloof — Annie.
13. Ek verkies 'n reis — motor — 'n uitstappie — voet.
14. Jy stel jou bloot — gevaar.
15. Neem hy nog deel — sport ? Hy was altyd 'n skrumskakel — weerga.

## Oefening 20c.

Gebruik in sinne sodat die onderskeid in betekenis en gebruik duidelik uitkom :—

weens, jeens ; namens, naamlik; tydens, tydelik, tydig ; te danke aan, te wyte aan ; orde, order ; in volle gang wees, in swang hou ; in sig, op sig ; om die lewe kom, om die lewe bring ; op kantoor, op die kantoor ; aanspraak, toespraak ; bo-op, boonop.

## Oefening 20d.

Vul in die ontbrekende voors. :—

1. Die wetsontwerp wat — tafel gelê is, is nog onderhewig — veranderinge.
2. Hierdie woorde, ontleen — Frans, moet jy — die hoof leer — uitstel.
3. Ek is — mening dat hy — verwagting goed gedoen het.
4. Jy moet jou neerlê — die uitspraak.
5. Die man wat — verdenking gestaan het, is — ere herstel.
6. Hy verlustig hom — die natuurskoon.
7. Dat hy — V. dweep steek my — die krop.
8. Ek het dit — abuis gedoen, nie — opset nie.
9. Hy is behep — die idee dat hy my kan dwing — gehoorsaamheid.
10. — my ontwil het hy dit maar gedoen.
11. Ek hou nie — iemand wat altyd — 'n prys knibbel nie.
12. Hy maak aanspraak — sy vader se goed.
13. — slot — sake word dit gedoen — beskerming — ons wilde diere.
14. Hy doen dit — koste — sy gesondheid.
15. Dat dit ontbloot is — alle waarheid blyk — die feite.

## Oefening 20e.

Gebruik in sinne :—

**trots** (1) as bnw., (2) as voors., (3) as snw., (4) as byw.
**nieteenstaande** (1) as voors., (2) as voegw.
**van** (1) as voors., (2) as snw.
**deur** (1) as voors., (2) as snw., (3) as byw.
**tot** (1) as voors., (2) as voegw.
**oor** (1) as voors., (2) as byw., (3) as snw.
**na** (1) as voors., (2) as voegw.
**voor** (1) as voors., (2) as voegw., (3) as byw., (4) as snw.
**in** (1) as voors., (2) as byw., (3) as ww.
**by** (1) as voors., (2) as byw., (3) as snw.

## Oefening 20f.

Maak sinne waarin jy die volgende uitdrukkinge besig :—

op hande wees ; van die hand wys ; op die hande dra ; onder hande neem ; uit die hand verkoop ; in gebreke bly ; op die keper beskou ; op heterdaad betrap ; 'n leër op die been bring ; per slot van rekening.

## Oefening 20g.

Vul in die ontbrekende voors., en gebruik die uitdrukkinge dan in goeie sinne :—

(1) — betrekking —
(2) — verwysing —
(3) — antwoord —
(4) — verband —
(5) — gunste —
(6) — referte —
(7) — insage
(8) — opsigte —
(9) — nagedagtenis —
(10) — voorbaat
(11) — behoewe —
(12) — inleiding
(13) iets — die kaak stel
(14) — middel —
(15) — stede —
(16) — weerwil —
(17) — verre — nie
(18) — die koop —
(19 — murg en been
(20) — volle

## Oefening 20h.

Gebruik in goeie sinne :—

leen aan, leen van ; hou van, hou op, hou uit ; stuur vir, stuur na, stuur oor, stuur met ; praat oor, praat met, praat van ; bo ses jaar, binne ses jaar, na ses jaar ; behoort by, behoort aan, behoort tot ; deur die bank, in die bank ; op koste van, ten koste van.

## Oefening 20i.

Verklaar die volgende uitdrukkinge :—

1. Iets aan die vergetelheid ontruk.
2. Om met hom te praat is botter aan die galg smeer.
3. Hy het 'n blok aan sy been.
4. Dis bo my vuurmaakplek.
5. Die bul by die horings pak.
6. Iemand in die wiele ry.
7. Iemand in die sak hê.
8. In iemand 'n renons hê.
9. Iemand se hand in die as slaan.
10. 'n Doring in iemand se vleis wees.
11. Met spek skiet.
12. Jou tering na jou nering sit.
13. Hy loop met sy siel onder die arm.
14. Iets op eie houtjie doen.
15. Hy kry op sy bas.

## Oefening 20j.

Toon aan deur middel van flink sinne hoe die volgende uitdrukkinge gebruik word :—

| | | |
|---|---|---|
| in der minne | in dié verband | na willekeur |
| in den beginne | in hierdie opsig | na regte |
| om den brode | op die gebied | na behore |
| te berde bring | by dié geleentheid | onder andere |
| te velde trek | per kerende pos | onder meer |
| ten eerste | ter elfder ure | ter sake |
| ten slotte | ter bekwamer tyd | ter ere van |
| ten beste | mettertyd | uit wans uit |
| ternouernood | | |

## Oefening 20k.

Verklaar die volgende uitdrukkinge :—

1. Hy hamer altyd op dieselfde aanbeeld.
2. Sy sit op die bakoond.
3. Hy het lelik op sy neus gekyk.
4. Hy is gou op sy perdjie.
5. Die spyker op die kop slaan.
6. Tot by oom Daantjie in die kalwerhok.
7. So tussen die boom en die bas.
8. Die aap kom uit die mou.

9. Uit die oog, uit die hart.
10. Hy het dit uit sy duim gesuig.
11. Iemand van die wal in die sloot lei.
12. Iemand van bakboord na stuurboord stuur.
13. Iemand van die gras af maak.
14. Stank vir dank kry.
15. Pêrels voor swyne werp.
16. Die kar voor die perde span.
17. Voor dooiemansdeur te staan kom.
18. Almal voor die voet.
19. Dou voor dag.
20. Iemand 'n rad voor oë draai.

## Oefening 201.

Gebruik die volgende uitdrukkinge in goeie sinne :—

sonder aansien des persoons ; sonder slag of stoot ; te kus en te keur gaan ; teen wil en dank ; ten gronde gaan ; ten hemel styg ; ten onder bring ; ter harte neem ; ter sprake kom ; ter ore kom ; ter aarde bestel ; ter ruste lê ; tot niet maak ; tot wet verhef ; van nul en gene waarde wees ; teen heug en meug ; met huid en haar ; met snaar en tamboer ; met huidjie en muidjie ; met mag en krag.